Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel

# Verkeersmanne spog glo oor hul boer erg aanrand

2011-10-07 22:10

Buks Viljoen

“So lyk ’n wit k**t nadat hy deur ons opgef*k is.”

Dít is glo hoe verkeersmanne van Mpumalanga onder mekaar gespog het nadat hulle ’n 42-jarige boer van Grootvlei na bewering ernstig aangerand het.

Mnr. Rikus Ras se twee kleuters het glo eergister verbouereerd aan die skree gegaan en desperaat aan mekaar vasgeklou terwyl sowat tien verkeersmanne hul pa aangerand het.

Klein Heinrich (2) en Rikus (3) Ras was saam met hul pa van Villiers op pad plaas toe toe die voorval omstreeks 14:00 by ’n T-aansluiting buite Villiers op die grens met Mpumalanga plaasgevind het.

Klagte van aanranding is later deur Ras teen die groep verkeersmanne aanhangig gemaak.

Die verkeersmanne is almal lede van Mpumalanga se sogenaamde “intervensie-eenheid”.



Mnr. Rikus Ras kort ná die aanranding.

Foto's · Lesersfoto’s · Nuus in Foto's
Stuur vir ons jou foto's · Stuur vir ons jou foto's

Hulle het Dinsdag vir die eerste keer diens begin doen nadat die eenheid deur mnr. Vusi Shongwe, LUR vir veiligheid en sekuriteit, op die been gebring is.

“Ek was in my lewe nog nie so verneder en bang nie. En dít vir mense wat aangestel is om ons te beskerm,” het Ras gesê.

Volgens Ras het die verkeersmanne by die kruising diens gedoen en hom van die pad gekeer.

“Een het gesê my remlig werk nie en ek het uitgeklim om te kyk,” het Ras gesê.

“Ons het daaroor begin stry toe een my begin rondstamp. Die volgende oomblik het hy my met sy kop in die gesig gestamp.”

Ras het aan die verkeersmanne gesê hy gaan na Villiers ry om die saak by die polisie aan te meld.

“Ek het weggery en ’n paar kilometer verder het vier verkeersmotors my van agter ingejaag en van die pad gedwing.

“Toe breek alle hel los. Een het die ruit probeer stukkend slaan terwyl ’n ander een agterop die bakkie gespring en my deur die agterruitjie gewurg het.”

Een van die verkeersmanne het glo traangas in die kajuit ingespuit.

Twee van Ras se werkers, wat agterop die bakkie gesit het, het die huilende seuntjies deur die agtervenstertjie uitgetrek en met die kinders weggehardloop.

Die verkeersmanne het Ras volgens hom uit die bakkie gesleep, hom gevloek, rassistiese uitlatings gemaak en aangerand.

Hy is geboei en na die polisiekantoor geneem.

Ras is later na die polisie in Grootvlei geneem waar hy vir aanranding, crimen injuria en verontagsaming van 'n verkeersman se opdragte aangekla is.

Hy het 'n klag van aanranding teen die verkeersmanne aanhangig gemaak en is later op eie verantwoordelikheid vrygelaat.

Mnr. Joseph Mabuza, woordvoerder van die departement van veiligheid en sekuriteit, het die voorval bevestig.

Lt.kol. Leonard Hlathi, polisiewoordvoerder, het bevestig hulle ondersoek die saak.